



58/97

***DIE HOOGSTE HOF VAN APPEL  
VAN SUID-AFRIKA***

Saak No 490/95

In die saak tussen:

C J BEZUIDENHOUT

Appellant

en

PRETORIA BANK BEPERK

Respondent

CORAM: E M GROSSKOPF, NIENABER, HOWIE, MARAIS,

PLEWMAN, ARR

DATUM VAN VERHOOR: 6 Mei 1997

DATUM GELEWER: 27 Mei 1997

---

U I T S P R A A K

E M GROSSKOPF, AR

Hierdie is 'n appèl teen 'n uitspraak van Mynhardt R in die Transvaalse Provinsiale Afdeling. Ten einde die geskilpunte te verduidelik is dit gerieflik om eers 'n kort uiteensetting van die onbetwiste feite te gee.

Die appellant het gedurende Mei 1991 belang gestel om 'n vervoerbesigheid te begin. Vir daardie doel het hy 'n vragmotor (ook genoem 'n voorhaker) en 'n leunwa benodig. Hy het 'n gepaste voorhaker en leunwa by die besigheid van ene mnr. Van Vuuren gevind en ooreengekom om dit te koop. Finansiering is gereël by die respondent en vir daardie doel is twee afbetalingsverkoop-ooreenkomste (een vir elk van die voertuie) op 8 Mei 1991 tussen die partye aangegaan. Die voertuie is aan die appellant gelewer en hy het met sy besigheid voortgegaan. Op 18 Julie 1991 is die twee voertuie in 'n ongeluk beskadig. Dit blyk toe dat die voertuie nie verseker was nie. Hiervoor hou die

appellant die respondent verantwoordelik, waarvoor hy 'n eis teen hom ingestel het om skadevergoeding. Die respondent op sy beurt het 'n teeneis ingestel vir betaling van agterstallige paaieente ingevolge die ooreenkomste. By die verhoor het die hof ingestem om eers te beslis of die respondent in beginsel vir skadevergoeding aanspreeklik was, en daarna, indien nodig, in te gaan op die kwantum van die appellant se gelede skade. Dit was gemene saak dat, as die respondent nie aanspreeklik is nie, die appellant geen verweer teen die teeneis om agterstallige paaieente het nie. Aan die einde van die saak het die hof ten gunste van die respondent bevind. Hy het gelas dat die appellant se eis afgewys word met koste, en dat respondent se teeneise ten bedrae van R562 286,84 en R76 670,74, tesame met rente en koste, toegestaan word. Teen hierdie bevele kom die appellant nou in hoër

beroep met verlof van die verhoorhof.

Dit is logies om, by die oorweging van die partye se onderskeie regte, te begin by die afbetalingsverkoop-ooreenkomste tussen hulle. In die huidige geval bepaal klousule 9 van albei ooreenkomste, in soverre ter sake, soos volg:

"9. Vir solank hierdie ooreenkoms van krag is, moet die Kredietopnemer [d w s, die appellant] -

.....  
(g) op eie koste die goedere ... alomvattend verseker vir die redelike vervangingswaarde daarvan van tyd tot tyd, ... sorg dra dat die Kredietgewer [d w s, die respondent] se belang in die goedere op die versekeringspolis genoteer word, of, na keuse van die Kredietgewer, sodanige polis aan die Kredietgewer sedeer as sekuriteit vir enige bedrag wat deur die Kredietopnemer in verband aan die Kredietgewer verskuldig mag wees;".

Klousule 10 magtig dan die respondent om, indien die appellant nie bogemelde bepalings nakom nie, die nodige versekering namens die appellant uit te neem en die

premie namens hom te betaal en van hom te vorder. Selfs  
egter waar versekering deur die appellant uitgeneem  
word, magtig klousule 1 die respondent om die premies  
aan die versekeraar te betaal en die bedrag daarvan by  
die hoofskuld te voeg. In effek beteken dit dan dat die  
bedrag van die premies aan die appellant voorgeskiet  
word en deel vorm van die bedrag wat, met rente, in  
paaiemente terugbetaal word.

In die onderhawige saak het die appellant  
deurgaans aanvaar dat die bogemelde bepalings van die  
ooreenkomste toepaslik is. Dit het hom voor die  
moeilike taak geplaas om aan te toon dat die skade wat  
gespruit het uit die feit dat die voertuie nie verseker  
was nie, van die respondent verhaal kon word ten spyte  
daarvan dat dit die appellant was wat, ingevolge die  
ooreenkomste, verplig was om te verseker. Om hierdie  
probleem te bowe te kom het die appellant hom op

verskeie regsfigure beroep, onder meer rektifikasie van die geskrewe ooreenkomste en die aangaan van 'n aanvullende mondelinge ooreenkoms. Hierdie pogings het grotendeels misluk, en ten tyde van die appèl voor ons het die appellant sy skuldoorsaak op net twee alternatiewe grondslae gegrond. Die eerste was dat daar 'n verhouding van bankier en kliënt tussen die partye was en dat die respondent gevolglik, onder al die omstandighede van die saak, 'n regsplig teenoor die appellant gehad het "om toe te sien dat die voorhaker en leunwa behoorlik alle risiko versekering geniet." Die tweede was dat die respondent, soos verteenwoordig deur ene mev. Van der Merwe, aan die appellant 'n nalatige wanvoorstelling of wanbewering gemaak het dat die respondent "sou toesien tot die reël van alle risiko versekering vir die voorhaker en die leunwa, alternatiewelik dat alle risiko versekering oor die

voorhaker en leunwa behoorlik deur die [respondent] gereël is ...". Ten einde hierdie skuldoorsake na waarde te oordeel is dit nodig om die getuienis effens breedvoeriger te behandel.

Die sleutelgetuie by die verhoor was ene Marx. Die hof a quo het die volgende ten opsigte van hom gesê:

"Mnr Marx se getuienis en hy as getuie het my beïndruk. Ek is van oordeel dat Mnr Marx 'n geloofwaardige getuie is. Daar is na my mening geen werklike kritiek wat op hom as getuie uitgespreek kan word, allermens wat sy vertoning as getuie in die getuiebank betref, en nog minder wat die inhoud van sy getuienis betref. Dit strook ook met die waarskynlikhede in hierdie saak."

Hierdie besonder gunstige beoordeling is nie voor ons aangeveg nie.

Marx is 'n versekeringsmakelaar. Sy korttermynwerk het hy namens 'n firma bekend as Monsure Versekeringsmakelaars gedoen. Monsure het dit op sy beurt by ander makelaars of versekeraars geplaas. Marx het ook 'n sakeverhouding gehad met Van Vuuren, die

handelaar wat die betrokke voertuie aan die appellant verkoop het. Van Vuuren het hoofsaaklik swaar voertuie verkoop en het vir Marx ingelig wanneer een van sy klante versekering ten opsigte van 'n aankoop nodig gehad het. Marx het dan probeer om, met Van Vuuren se hulp, hierdie versekeringsbesigheid te bekom. Van Vuuren het ook 'n sakeverhouding met die respondent gehad waardeur die respondent sy verkope gefinansier het. Die gevolg van hierdie verhoudings was dat Van Vuuren, Marx en die respondent dikwels met mekaar te doen gehad het.

Van Vuuren het, ooreenkomstig sy gewone gebruik, vir Marx laat weet van die appellant se beoogde aankoop. Marx het die appellant kom sien by Van Vuuren se besigheid. Van Vuuren het hulle aan mekaar voorgestel. Die appellant was bereid om met Marx besigheid te doen maar wou gehad het dat die



versekering by Santam Versekeringsmaatskappy geplaas moes word. Marx het onderneem om daarvoor te sorg. Hy het 'n kwotasie aan die appellant gelewer, maar die appellant was nie daarmee tevrede nie en Marx het dit aangepas. Hierdie onderhandelinge het in die loop van verskeie besprekings plaasgevind nog voordat enige aansoek om finansiering by die respondent gedoen was.

Die manier waarop Marx versekering van hierdie aard bewerkstellig het, was as volg. 'n Ander firma van versekeringsmakelaars, J R Eiendoms Versekeringsmakelaars ("J R"), het 'n polis by Santam gehad bekend as die S A Vervoerdienste polis. Ingevolge hierdie polis is die voertuie van 'n aantal verskillende vervoerkontrakteurs gesamentlik verseker. Die polis was 'n sogenaamde oop polis, wat beteken dat J R voertuie kon byvoeg of wegneem van die dekking wat deur die polis gebied word. Marx sou dan die appellant

se aansoek om versekering aan Monsure lewer, wat dit op sy beurt aan J R sou oorhandig vir insluiting by die S A Vervoerdienste polis wat deur Santam onderskryf is.

Die gebeure nadat die appellant en Marx oor die versekering ooreengekom het is grootliks gemene saak. Waar 'n kliënt self versekering uitgeneem het, het die respondent verkies dat 'n jaarpremie vooruit betaal word wat dan ingevolge klousule 1 van die finansieringsooreenkomste by die hoofskuld gevoeg word. Nadat die versekering tussen die appellant en Marx gereël is, het Van Vuuren en die appellant by die respondent aansoek om finansiering gedoen. Onder die besonderhede wat aan die respondent verskaf is, was die inligting dat versekering vir die voertuie reeds gereël was by Monsure. Ook was gemeld die bedrag van die premie wat by die hoofskuld gevoeg moes word en die nommer van die toepaslike polis (in hierdie geval J R

se S A Vervoerdienste polis). Die lenings is deur die respondent goedgekeur. Op 8 Mei 1991 is die ooreenkomste en al die ander dokumentasie geteken. Die appellant, Van Vuuren en Marx was almal teenwoordig by die respondent se kantore. Die respondent het betaling van die gelde wat vir die aankoop van die voertuie voorgeskiet is aan Van Vuuren gemaak en 'n tjek vir die premies aan Marx oorhandig vir lewering aan Monsure. Marx het op sy beurt die tjeks na Monsure geneem, waar hy pari passu betaling van sy kommissie ontvang het. Ek mag net in die verbygaan noem dat die tjek ten opsigte van die leunwa se premie gedateer is 7 Junie en nie 8 Mei nie. Die getuies kon nie onthou hoekom dit so was nie maar dit is nie van enige belang nie. Albei tjeks is behoorlik deur Monsure ontvang.

Die eerste vraag is dan of die respondent enige regsplig teenoor die appellant gehad het met betrekking

tot die versekering. Dit mag wees, soos namens die appellant betoog, dat die appellant in 'n sekere sin 'n kliënt van die respondent was. Die verhouding tussen hulle was egter bepaal deur die aard van die dienste wat die respondent aan die appellant sou lewer. In die onderhawige geval was daar bloot 'n enkele finansieringstransaksie tussen hulle. Dit is in wese beliggaam in die finansieringsooreenkomste waarkragtens dit die appellant se plig was om die versekering te reël. Die versekering was natuurlik ook nodig ter beskerming van die respondent se belange. Ingevolge die ooreenkomste het die voertuie die eiendom van die respondent gebly totdat alle verskuldigde bedrae betaal was. Die versekering van die voertuie was dus 'n belangrike aspek van die respondent se sekuriteit vir die finansiering van die transaksie. As die appellant se reëlins nie bevredigend was nie, sou die respondent

vermoedelik in sy eie belang wou sorg dat sake reggestel word. Dit mag wees (ek spreek daaroor geen mening uit nie) dat die respondent in so 'n geval ook teenoor die appellant 'n plig sou gehad het om hom teen die berokkening van skade te beskerm. In die onderhawige geval was die appellant se reëlins egter heeltemal bevredigend. Hy het versekering gereël by Marx en Monsure, makelaars wat goed bekend was aan die respondent en in die verlede goeie diens gelewer het. Dit blyk wel uit die getuienis dat die respondent taamlik laks was deur nie seker te maak dat sy eie belang behoorlik teen die polis aangeteken was nie, en deur nie 'n afskrif van die polis te bekom nie. Hierdie was stappe wat voorgeskryf word deur die respondent se interne reëls ter beveiliging van sy eie belange. As die respondent meer stiptelik op hierdie aspekte gelet het, sou hy miskien vroeër uitgevind het dat die

voertuie nie verseker was nie. Die feit dat hierdie voorskrifte nie nagekom is nie, dui egter nie aan dat daar enige twyfel oor die doelmatigheid van die appellant se reëlins was nie. Die teendeel is eerder waar - die respondent was klaarblyklik heeltemal oortuig dat die voertuie wel verseker was. En op die getuienis het die respondent elke rede gehad om so te glo. Ek vind dit dus onmoontlik om uit die omstandighede van die saak enige regsplig aan die kant van die respondent, hetsy ex contractu hetsy ex delicto, af te lei wat hom teenoor die appellant sou verplig het om enige verdere handeling met betrekking tot die versekering te doen.

Die appellant se advokaat het voor ons betoog dat die appellant onder die indruk was dat Marx 'n werknemer van die respondent was, en dat hierdie faktor kan bydra om aan die respondent die beweerde regsplig

op te lê. Eerstens is ek nie oortuig dat die appellant so 'n geloof kon gehad het nie, maar hoe dit ook al sy, die objektiewe feit is dat Marx heeltemal onafhanklik van die respondent was. Soos reeds gemeld, het Marx die aangeleentheid van versekering met die appellant gereël voordat hulle ooit die respondent genader het. Op die getuienis is daar ook geen steun vir 'n betoog dat die respondent vir die appellant onder 'n verkeerde indruk kon gebring het dat Marx sy werknemer was nie. As die appellant dus hieroor gefouteer het, was dit 'n eensydige dwaling wat sonder enige fout aan die kant van die respondent ontstaan het. So 'n dwaling kan myns insiens geen verskil aan die regsverhouding tussen die partye maak nie.

Dit bring my dan by die tweede grond waarop die appellant trag om die respondent aanspreeklik te hou, t w, 'n beweerde wanvoorstelling of wanbewering deur

mev Van der Merwe namens die respondent. Mev Van der Merwe was 'n kontrakteklerk in die diens van die respondent. Dit was haar plig om besonderhede t o v aansoeke om finansiering te bekom en, nadat daar op 'n hoër vlak in die organisasie besluit was om krediet te verleen, te help met die opstel van die nodige dokumentasie. In die onderhawige geval was dit sy wat die dokumente aan die appellant voorgelê het vir ondertekening op 8 Mei. Die appellant het soos volg getuig oor wat sy m b t die voertuie se versekering gesê het:

"Sy het vir my gesê ek hoef nie bekommerd te wees nie, die versekering is reg ... Sy het vir my gesê alles is gereël en ek moet net daardie vorm teken."(286)

Later verskyn die volgende vrae en antwoorde:

"Nou as van die bank se kant af, as die bank nou gaan en die tjeks word betaal en dit gaan deur die rekenings en op daardie stadium reeds is daar 'n nommer verskaf van die versekeraar, 'n versekeringspolisnommer, wat aandui dat daar



versekering is, is dit gereël volgens u? - - Ek dink so.

Moet daar nog enigiets verder deur hulle gedoen word? - - Ek weet nie." (286)

Onder herverhoor is weer na hierdie aspek verwys soos volg, nie sonder leidende vrae nie:

"U het ook die woord 'reël' gebruik ... Wat het u verstaan behels 'reël? Nadat die versekering gereël is, is daar nog iets wat moes gebeur ten aansien van die versekering? - - Sover ek weet nie, want die versekeringsnommer was klaar aangebring op die ... huurkooporeenkoms.

Beteken 'reël' net die vorms invul, net aansoek doen, of beteken dit toesien dat versekering daar is, of wat bedoel dit alles? - - Dit sal toesien dat die versekering sal gedoen word, of is gedoen. Dat die voertuie gedek is? - - Of die versekering is daar, dat daar wel versekering is vir die voertuig." (318)

Mev Van der Merwe aanvaar dat sy aan die appellant kon gesê het dat die versekering reeds gereël was. Die eerste vraag is dan of so 'n stelling onwaar was. Klaarblyklik was alle reëlings t o v die versekering reeds getref op 8 Mei, en die eerste jaarpremie is lank voor die voertuie se ongeluk betaal. Volgens gewone

taalgebruik was die versekering toe reeds "gereël". Ek dink nie die woord "reël" het in die samehang enigiets meer beteken nie. Ek dink ook nie dat die appellant self, volgens sy getuienis wat ek hierbo aangehaal het indien dit in die geheel gelees word, mev Van der Merwe anders verstaan het nie.

Maar selfs al sou ek hier verkeerd wees en mev Van der Merwe te kenne gegee het dat die voertuie inderdaad verseker was, meen ek nie dat daar enige nalatigheid aan haar kant was nie. Sy het geweet dat Marx die versekering geplaas het by Monsure, 'n firma wat aan mev Van der Merwe bekend was en met wie die respondent vantevore besigheid gedoen het. Sy het alle rede gehad om te glo dat die voertuie wel verseker was. Die rede waarom daar geen versekering was nie is nie heeltemal duidelik nie, maar blykbaar het Mnr de Bruyn, wat in beheer van Monsure was, nagelaat om die versekering by

J R te plaas. Mev Van der Merwe het geen rede gehad om  
te vermoed dat so iets moontlik sou gebeur nie.

Ek meen dus dat die tweede grond waarop die  
appellant betoog dat die respondent aanspreeklik is,  
ook sonder meriete is.

Die appèl word afgewys met koste.

*E. M. Grosskopf*

E M GROSSKOPF , AR

NIENABER, AR  
HOWIE, AR  
MARAIS, AR  
PLEWMAN, AR  
Stem saam